# GEBEDSBULLETIN

## *Tema vir Maart: Leef die Bybel*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Ons sintuie (om sy skepping te kan geniet).
* Sy sorg vir ons as individue (genoeg om vir ander te kan seën).
* Sy verrassende voorsiening in die gemeente se finansies gedurende die afgelope boekjaar.
* Elkeen wat hard gewerk het en elkeen wat ekstra offers gebring het vir die Herfs-dankfees.
* Elke gelowige wat nie net die Bybel lees nie, maar met oorgawe navolg.

**Bid hierdie week vir:**

* Gemeente-ontwikkeling. Hierdie "werksaamheid" fokus op kerkplanting in nuwe stadsgebiede en in plaaslike gebiede waar die kerk "doodgeloop" het. Hulle wil die Evangelie op 'n vars manier laat leef, ook in die mees armoedige konteks.
* Herlewing in die kerk - dat gelowiges daagliks volgens die Bybel sal leef.
* Kerkraadsvergadering Donderdag.
* Voorbereiding vir die Paasfees met blomme.
* Veiligheid op die paaie hierdie vakansietyd.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land - rassespanning, ekonomie, droogte, onderwys.

**VLEESBAAI DANKFEESBASAAR**
**23 Maart 2016 om 17:00**

'n Hartlike uitnodiging om saam te kom eet, kuier en geniet! 'n Tafel vol heerlike plaasbrood, mosbolletjies, koeke, terte, beskuit en klein koekies. Reënboog basaarpoeding met soet vla. Kuier met heerlike kaneelsuiker pannekoek met tee, koffie of koeldrank. Watertand kerrie en rys. Egte boerewors 'hotdogs'. Outydse gemmerbier. Vleesbaai se beroemde, tradisionele afvalpotjie met stampmielies. Heerlike gebraaide gemarineerde hoendersosaties. En dan nog om saam huistoe te neem, top kwaliteit bees- en skaapvleis, boerewors en 'n verskeidenheid vars groente direk van die plaas. 'n Plaas basaar met al die lekkertes in die middel van die vakansie! Ons kyk uit vir julle!






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 13 MAART 2016**

*"Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was"* *(Efesiërs 5:2)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente-ontwikkeling.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-9 kategese—geen agv uitstappie. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

***SAAMKUIER NA DIENS:*** *Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** ***Sewende Lydenssondag.*** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Blaauw). *Geen Kinderkerk en kategese in skoolvakansie.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Straatwerk.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by 10de Laan 8.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie
Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Die groepie bid sedert 2007 saam. Wil jy nie kom inskakel nie? Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds André).

**Donderdag:** Kerkraadsvergadering om 18:00 in die kerksaal.
Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

**Vrydag:** Skole sluit

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Ons het die heerlikste gedroogte perskes van Ladismith. Geskilde perskes is vir R80 p/kg of R20/250g of R40/500g beskikbaar. Ongeskilde perskes wat ideaal is vir stowe, kos R60/kg en is ook in pakkies van R30/500g beskikbaar. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert indien julle nie binne kantoorure kan afhaal nie.

**CHRISTO:** Baie dankie aan almal wat weer bygedra het vir Christo se fonds vir die rugby akademie. Individue en bybelstudiegroepe het dit weer moontlik gemaak om 'n bedrag van R4 250 bymekaar te kry. Ons skuld nog net R5 750 tot en met Oktober, die Trust in die Kaap se hulp in ag geneem. Die aanvanklike bedrag van R45 000 het soos 'n berg gelyk, dit is met groot dankbaarheid dat ons verseker weet die Here het voorsien en sal voorsien deur Sy kinders . . .

**TUINWOONSTEL**: Is daar dalk iemand wat binne stapafstand vanaf die Suidkerk 'n tuinwoonstel vir 'n ouer dame het, wat onder R3 000p/m kos? Kontak asb vir ds Robert 044-691 2244.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Bybelverspreiding was R2 420-65.

**BOTSWANA-UITREIK:** Ons het nog plek vir 3 of 4 mense om op die Botswana uitreik te gaan. Ons vertrek die 25ste Junie, en sal binne twee weke terug wees. Gr 8-12's is baie welkom!

**TIENERS:** Daar is nie 'n byeenkoms Sondagaand nie. Almal kuier lekker saam by die waterpark by Diaz strand.

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**BENODIG:** Ons jongmense kuier Sondagaande. Hulle kuier graag op die grond eerder as op harde kerkstoele, maar o wee, die grond kan darem hard raak. Ons soek enige sagte goed om op te sit. 'n Netjiese sponsmatras, kon-tinentale kussings, stoelkussings, 'n "poef", enigeiets waarop hulle gemaklik kan kuier. Handig in by kerkkantoor.

**OESMAAND KOSKAS:** MAART is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**ALPHA-KURSUS:** Dit is al deur meer as 13 miljoen mense wêreldwyd bygewoon. Dit is 'n evangelisasie en 'n dissipelskapkursus. Diegene wat kans sien om te help met die Alpha Kursus, of dit net wil bywoon kan vir Ds Robert kontak. Kan ook net sms na 084 684 1304. Stuur net weer jou naam as jy reeds aangedui het jy sal help.

**KINDERKERK-UITSTAPPIE:** Ons ontmoet mekaar om 10:45 by Diazstrand se waterpark. Ons koop 'n kaartjie waarmee ons vanaf 11:00 tot 14:00 die warmswembad sowel as die glybane gebruik.



# PAASFEES MET BLOMME



Ons nooi u graag uit na 'n baie spesiale viering van Paasfees. Gedurende Paasnaweek, 24 tot 28 Maart 2016, word 'n unieke uitbeelding van die Paasgebeure in ons kerksaal te 15de Laan gehou. Ons noem dit: *"Paasfees met Blomme"*. Met blommerangskikkings en uitstallings word die totale Paasgebeure vanaf Jesus se intog in Jerusalem tot sy opstanding in verskillende stasies uitgebeeld. In die laaste twee stasies word ook uitgebeeld waarop hierdie gebeure uitgeloop het. Die gedagte is dat 'n mens rustig daardeur loop en deur die uitbeeldings onder die indruk gebring word van die betekenis van hierdie gebeure vir ons as mense en ook vir jou persoonlik. 'n Gebedskamer word ingerig indien besoekers 'n tydjie vir refleksie en gebed wil neem. Daar sal ook 'n teetuin wees waar 'n drink-en eetdingetjie geniet kan word. Die toegang is gratis, maar u sou 'n vrywillige donasie kon gee om die kostes te dek. Die uitstalling word ingelei deur 'n Paaswydingsdiens Donderdag, 24 Maart 2016, om 19:00. Na afloop van die diens is die uitstalling oop en sal 25-28 Maart daagliks oop wees vanaf 10:00 tot 18:00. U is welkom om meer kere te kom deurloop. Die Paaswydingsdiens is 'n diens met sang, musiek en voorlesings en stiltes om ons te help om te begin nadink oor die grootsheid van Jesus se kruisiging en sal uitloop op ons Nagmaalsdiens op Vrydag, 25 Maart om 09:00 in die kerkgebou. Op Sondag, 27 Maart om 09:00 vier ons die opstanding van Jesus Christus met 'n vreugdevolle diens in ons kerkgebou. Dinsdag, 29 Maart om 11:00 sal van die potte, plante en blomme verkoop word.

**PAASFEES EREDIENSTE:** Ons het DV drie dienste gedurende Paasnaweek. Donderdagaand om 19:00 ons Paaswydingsdiens in die kerkgebou, Vrydag om 09:00 die Goeie Vrydag Nagmaal op Vleesbaai en in die kerkgebou en 'n Paasfeesdiens die Sondag om 09:00 in die kerkgebou en op Vleesbaai.

**WYKSVERSORGERS STREEK A:** Kuier saam oor 'n koppie koffie/tee. Kom sluit aan by die tydsgleuf wat jou die beste pas: Dinsdagaand 18:00 en Woensdag 9:30 in die saal.

**VOORSKOOLSE KLEUTERS:** En hulle ouers, is baie welkom na die erediens in die konsistorie vir 'n kort saamkuier geleentheid. Kontak gerus vir Elize Nel (083 554 8188) vir navrae.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

André Goetz Vleesbaai, Koos Alberts Da Gama str, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Rika Stander JB Mullerstr, Wim Human Ryk Tulbaghstr, Miem Oosthuizen Kenani, Henri van Wyk Fijnboschpark

**STERFTE:** Ma van Frans Kruger, Tienie Bothastr, broer van Eric Moore Seringstr.

***Bankbesonderhede:***

*Dankoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 058 0031*
*Geloofsoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 016 7886*